

**Skriflesing:** Spreuke 9:10 en Lukas 16:19-31

“Wysheid begin met die dien van die Here; wie die Heilige ken, het werklik insig.”  
(Spreuke 9:10)

**Tema:** ‘n Keuse vir altyd.

Lukas 16 is ‘n verhaal oor genade. Dit is ‘n verhaal van 2 mense wie se lewens en daarom hul dood, radikaal van mekaar verskil. Dit is ook ‘n verhaal oor die belangrikheid van die Bybel as Woord van God.

Die ryk man se naam ken ons nie. In die vroegste Latynse vertaling van die Bybel, word hy as *Dives* aangedui, die Latyn vir “ryk man”. Dit het mettertyd sy naam geword. En dit is eintlik ironies genoeg só van pas. Sy rykdom is wie hy is - Die Ryke.

Lasarus beteken “God help”. Hy is die enigste mens wat ‘n naam gegee word in die gelykenisse van Jesus. Die arm man het elke dag by die deur van die ryk man gelê in die hoop dat hy van die oorskiet van die ryk man se tafel te ete sal kry, maar hy het niks gekry nie. Die honde gee meer aandag aan hom as die ryk man.

Waarom is die man se oë verblind vir die nood van Lasarus? Die probleem lê nie in sy rykdom nie. Die probleem is dat die ryk man sy rykdom net vir homself gebruik het. Hy was **gierig**. Geld is vir Hom belangriker as God en sy naaste. Sy geld het vir hom soos ‘n speel geraak. Hy sien net homself raak. Hy leef vir homself. Solank hy vir homself mooi lyk, is alles reg.

Sy gierigheid het hom verhoed om te belê in ‘n verhouding met God en sy naaste. Dan sterf die ryk man en Lasarus. Die tyd vir keuses is onherroeplik verby.

Wat gebeur wanneer ons sterf? Die Here kom haal sy kinders hemel toe. Die wat Hom nie as Verlosser en Here gekies het nie, gaan hel toe.

Lasarus word deur die engele weggedra na ‘n ereplek langs Abraham. Die arm mens word ‘n eregas. Die swaarkry bedelaar is nou een van die rykste en gelukkigste mense. Hy smag nie meer na krummels nie. Hy sit aan vir ‘n feesmaal. Charles Spurgeon het tereg gesê: “Death is the end of dying, not the end of living.” Lasarus leef!

Die ryk man het gesterwe en is begrawe. Ek wil my indink dat dit ‘n groot begrafnis met ‘n klomp prag en praal was. Voor sy begrafnis kon plaasvind, het hy egter in die verderf beland en in pyn verkeer.

Ons moet die volgende baie duidelik met mekaar uitklaar: Lasarus gaan nie hemel toe omdat hy arm was nie. Die ryk man gaan nie hel toe omdat hy ryk was nie. Die verskil tussen die twee manne is ‘n lewende geloofsverhouding met die Here.

God is nie aan die kant van die armes of die rykes nie. God die Vader is aan Jesus Christus se kant. Wie in geloof as bedelaar by Christus opdaag om sy genade en verlossing geskenk te ontvang, gaan hemel toe.

Ons lees daarvan in Johannes 3:36: "Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom."

Lasarus het nie iets gedoen wat hom die ereplek laat verdien het nie. Soos sy naam aandui, het hy geweet en geglo dat net God help. Hy is verlos deur Jesus Christus. Dit is ook al waarop ons as gelowiges kan staatmaak. Dit gaan nie oor wat ons vir God doen nie. Dit gaan oor sy keuse vir ons, dit wat Hy reeds vir ons gedoen het deur Jesus Christus. Dit is ook waaroor nagmaal gaan wat ons vanoggend vier.

Tussen hemel en hel is 'n groot kloof waar niemand kan oorgaan nie. Dan is dit te laat om te kies. Deur brood en wyn word ons verseker dat God ons kies. Elkeen van ons het vanoggend opnuut 'n keuse met ewige gevolge om te maak.

In die verhaal gebeur nou vir my die ontstellende, seker omdat dit so naby aan my eie lyf kom. Wanneer die ryk man roep tot Abraham, noem hy hom vader Abraham. Met ander woorde hy is 'n ryk Jood. Hy is deel van die Ou Testamentiese verbondsvolk wat weet dat Abraham sy voorvader is. Dalk het hy gereeld tempel toe gegaan. Abraham noem die ryk man: "my kind". Hy erken sy Joodse afkoms. Waarskynlik is die ryk man besny. Ek en jy, as verbondskinders, is gedoop. Die ryk man weet van gebed. In die Nuwe Vertaling sê hy in Lukas 16:27: "ek smeek U". In die Ou Vertaling word dieselfde vers vertaal met: "ek bid u dan, vader Abraham". Hy weet bekering is nodig vir redding. Hy het 'n Bybel, of ten minste 'n Ou Testament, in sy huis.

Die ryk man weet 'n klomp goed. Maar geloof is 'n kop, hart en hand ding. Hy het geweet, maar hier was geen sprake van 'n verhouding nie. Hy het nie in geloof gelewe nie. Hy het nie sy hart aan die Here oorgegee nie. Hy het ook nie die Here gedien nie. Dit is sigbaar in die feit dat hy niks gedoen het om Lasarus se nood te verlig nie.

Die ryk man het nou 'n bedelaar geword. Hy vra vir Abraham: "Vader Abraham, ontferm u oor my. Stuur tog vir Lasarus dat hy net die punt van sy vinger in water steek en my tong afkoel, want ek ly verskriklik in hierdie vuur." (Lukas 16:24) en in Lukas 16:27 sê hy: "Ek smeek u dan, vader, stuur hom tog na my pa se huis toe."

Sy lewe draai steeds om homself en sy dringende behoeftes. Let op hoe hy steeds aan Lasarus dink as 'n slaaf wat rondgestuur kan word.

In Lukas 16:28 lyk dit tog of hy nou ten minste oor sy broers bekommerd raak: "Ek het nog vyf broers. Laat hy hulle dringend gaan waarsku sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging beland nie."

Daar gaan 'n dag kom wanneer dit te laat is om te kies. Daar gaan 'n dag kom wanneer dit te laat is om te getuig. Gaan bring vandag die goeie nuus aan familie, vriende en kollegas wat nog nie die Here gekies het nie. Ons het net vandag.

Die ryk man bedel vir sy broers. Dan antwoord Abraham hom: "maar hulle het Moses (die eerste 5 boeke van die Bybel) en hulle het die Profete. (Ou Testament). Dit is genoeg. As hulle nie na die Bybel luister nie, sal niks hulle oortuig nie, selfs al sou iemand uit die dood by hulle opdaag."

Ons kan belydende of dooplidmaat wees, eredienste en/of kategeese bywoon, dankoffer gee, op die Kerkraad of waar ookal dien, bid, Bybels hê en 'n klomp goed te weet, maar dit gaan ons nie red nie.

Jy word gered wanneer jy God se verlossing en vergifnis deur Jesus Christus met bedelaarshande van geloof jou eie maak. Daarvoor het ons nie tekens of wonders of nagmaal of dominees nodig nie. Ons het die Bybel. Lees, luister en leef die Woord.

Ons moet vandag weer kies en weet dat ons keuse ewige gevolge het.

Dié wat in geloof ryk is in Here sal, soos Lasarus, God se genadegeskenk ontvang. Ons sal met met oop arms ontvang word in die hemel.

Dié wat ryk is in hulleself verdien, soos die ryk man, vir hulself ewige smart en pyn.

Wat kies jy?

Amen